# KOMMUNIKAMMA 18 JANUARIE 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 18 Januarie**
**08:30 EIETYDSE DIENS, KLEUTERKERK EN AFSKOP VAN KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** Waardevol
**Teks:** 1 Kor 12:1 - 11

**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir ons gemeente se Jeugbediening.**

**Maandag 19 Januarie**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 MUSIEKBEDIENING**
**18:00 GEMEENTEBEDIENING**

**Dinsdag 20 Januarie**
**17:30 EIENDOMME diensterrein vergadering verskuif na 17 Februarie toe.**

**Woensdag 21 Januarie**
**18:00 SELLEIERS**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Donderdag 22 Januarie**
**19:00 JONG VOLWASSENES BYEENKOMS**

**<u>Vrydag 23 Januarie</u>**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**<u>Sondag 25 Januarie</u>**
**08:30 EIETYDSE DIENS en KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK** (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**<u>WEEK VAN GEBED</u>**
Maandag 26 Januarie tot Woensdag 28 Januarie elke aand om 18:30. Almal welkom
**Tema: ‘n Groot God en klein mense in gesprek.**
Maandag 26 Januarie 2026
Gebed fokus op die grootheid van God. (2 Kon 6:8-23)
Dinsdag 27 Januarie 2026
Ek word klein wanneer ek bid tot ‘n groot God. (Luk 18:9-14)
Woensdag 28 Januarie 2026
Gebed vertrou ons groot God om deur ons as klein mensies van sy wêreld ‘n beter plek te maak. (Hand 12:6-19)

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
- Dankie vir almal wat veilig terug is van vakansie.
- Dankie vir almal se bydrae tot ons voorportaal Kersboom projek
- Dankie vir matrieks, asook ander leerders en studente se uitslae. Bid vir hulle wat teleurgesteld is met hul uitslae.
- Vir toekomsplanne van matrieks.
- Die eerste kwartaal en al ratte wat weer aan die gang kom.
- Buddy van der Merwe wat siek is. Vir sy vrou Marlize en familie.
- Reën oral waar dit droog is.
- Al meer mense, ook in ons gemeente, wat materieel swaarkry. Dit lei dikwels ook tot geestelike en emosionele swaarkry. Dat werklose mense sal werk kry.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Kom bid saam met en vir ons wêreldwye familie hierdie week.
Lofprysing: Dank die Here vir die geskenk van kerkwees en vir die getrouheid van ons broers en susters wat te midde van vervolging leef.
Petisie: Bid vir **Morokkaanse** gelowiges dat God die lering wat hulle ontvang in hulle harte sal beskerm wanneer hulle bymekaarkom en dit in herinnering sal bring wanneer hulle dit die nodigste het
Persoonlike Gebed: Bid dat God vir jou ‘n vars honger na gereelde samekomste met gelowiges sal gee en dat jy jou aan lering, nagmaal, geloofsgemeenskap en gebed sal toewy.

**<u>FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK</u>**
FEBA se bediening bereik miljoene Moslems in Afrika en Eurasië, en hoewel daar groot sukses is, is daar ook struikelblokke. Een daarvan is ’n tekort aan kerke waar Christene uit ’n Moslem-agtergrond welkom voel. ’n Tweede hindernis is dat sommige kerke so bang is vir vervolging dat hulle nie nuwe lede wil verwelkom nie. Bid dat God meer kerke vir gelowiges met ‘n Moslem-agtergrond sal oprig en dat Hy kerke die moed sal gee om saam met FEBA te werk, om dissipels van nuwe gelowiges te maak.

**<u>WERK GESOEK</u>**
2 vroue in ons gemeente soek steeds dringend werk – die een het boekhou ervaring en die ander ‘n maatskaplike werk agtergrond. Vir navrae of om die vrou met boekhou ervaring se CV te bekom, kontak met Piet Spies by sel: 084 491 1213. Om meer inligting oor of die CV van die ander vrou te bekom, kontak ds. MG.

**RAAK BETROKKE**

Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat kan help met die regstreekse uitsending van die eredienste. Indien jy kan help, kontak asb. vir Marna (076 918 5373) of die kerkkantoor as jy betrokke wil raak. As jy wil help met klank of data in die diens, kontak asb met die kerkkantoor.

**Kategese Program: Kwartaal 1 en 2 vir 2026**

| Datum | Kraggakamma Gemeente Kategese 2026 |
|---|---|
| 18 Jan | Kategese Afskop 08:30 in die kerkgebou |
| 25 Jan | Gesprek 1. 09:30 |
| 1 Feb | Familie uitstappie. 10:00@ Sardinia Bay trail |
| 8 Feb | Gesprek 2. 09:30 |
| 15 Feb | Belydenisaflegging 09:00 (Geen Kategese) |
| 1 Maart | Gesprek 3. 09:30 |
| 8 Maart | Gesprek 4. 09:30 |
| 15 Maart | Gesprek 5. 09:30 |
| 22 Maart | Gesprek 6. 09:30 |
| | 28-30 Maart #Imagine Fees (Jeffreysbaai) |
| 12 April | Gesprek 7. 09:30 |
| 19 April | Gesprek 8. 09:30 |
| 10 Mei | Gesprek 9. 09.30 |
| 17 Mei | Gesprek 10. 09:30 |
| 31 Mei | Gesprek 11. 09:30 |
| 7 Junie | Gesprek 12. 09:30 |
| | 6-10 Julie Avontuurweek (Tema: Rainforest falls, exploring the nature of God) |

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**DISSIPELSKAP TOERUSTING**

Deon Loots het hom in ons gemeente kom vestig en wil graag met 'n dissipelskapgroep begin. Enigiemand wat belangstel om deel te word van die groep, kan hom skakel by: 084 855 3444.

Alle belangstellendes word uitgenooi om volgende Sondag, 25 Januarie 2026, na afloop van die eietydse en weer na afloop van die klassieke erediens, hier in die kerkgebou, te kom saamgesels oor die pad vorentoe.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 18 Januarie | Hannetjie Gouws, Elizma Harmse, Johan Meiring, Ruan Naudé, Chavonne Pieterse, Liam Prinsloo, Piet Spies, Cindy Strydom en Carli van Onselen |
| 19 Januarie | Jean Mouton en Kiaan Schoeman |
| 20 Januarie | Gerhard Beetge, Holley Diedericks, Jaycee Diedericks, Susan Janse van Rensburg, Kevin Meistre, Johann Minnie, Shaun Oosthuizen en Kirsti van Loggerenberg |
| 21 Januarie | Elmarie Loftie-Eaton, Jannie van der Merwe |
| 22 Januarie | Anlea Albertyn, Betsie du Toit, Juliet Mackenzie, Freddie van Wyk en Arno Vosloo |
| 23 Januarie | Quinn Coetzer, Janine Hayward, Joey Schnetler en Stefan Sterley |
| 24 Januarie | Samuel Benadie, Hennie Meiring en Emmi Slabbert |

**Ons wens Tannie Joey Schnetler geluk met haar 91ste verjaarsdag op Vrydag 23 Januarie**

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Die tiendemaand dankoffer inkomste oortref die begroting en staan op 'n wonderlike R394 163.65. Baie dankie aan almal wat 'n dankbaarheidsbydrae gemaak het.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005